

Verwysing: 20201023-9000
Lêerno.: 5/1/7/4
Navrae: JT Solomons

Omsendbrief: 0055/2020

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteurs, Kringbestuurders en Amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore

Kort opsomming: *Verwittiging van amptenare, wat in sekere gevalle van goewermentsgaragevoertuie (GG-voertuie) gebruik maak, oor die noodsaaklikheid om 'n professionele bestuurspermit.*

Onderwerp: Die noodsaaklikheid om 'n PrBP vir sekere kategorieë motorvoertuie te bekom

1. Hierdie omsendbrief is hersien en herroep en vervang Omsendbrief 0044/2015 van 18 Augustus 2015 in sy geheel.
2. Om op 'n openbare pad in Suid-Afrika te bestuur en goedere, gevaarlike goedere of passasiers vir 'n inkomste te vervoer, moet u 'n PrBP besit.
3. Hoofstuk 4, Afdeling 32 van die Wet op Nasionale Padverkeer (NRT), 1996 (Wet 93 van 1996), wat op 01 Augustus 2000 in werking getree het, bepaal dat bestuurders van enige van die voertuie in die onderstaande kategorieë op 'n openbare pad (hetsy hy of sy die eienaar van die voertuig is, en of dit passasiers vervoer of nie) in besit van 'n PrBP moet wees.

Voertuigkategorie	Bruto voertuiggewig (BVG)	Kategorie PrBP	Minimum ouderdom van bestuurder
Goedere voertuig	Meer as 3500 kg	G	18 jaar
Bus	Ongeag van BVG	P	21 jaar
Minibus	Meer as 3500 kg	P	21 jaar
Minibus wat ontwerp is of aangepas is om 12 of meer passasiers, insluitende die	Ongeag van BVG	P	21 jaar

bestuurder, te vervoer			
Enige motorvoertuig wat gebruik word om betalende passasiers te vervoer	Ongeag van BVG	P	21 jaar

- 3.1 Daar kan by enige bestuurderslisensie-toetssentrum aansoek gedoen word vir 'n PrBP. Aansoeke moet die nodige dokumentasie en fooie insluit, naamlik:
- Aanvaarbare identiteitsdokument/identiteitskaart
 - Twee foto's van die aansoeker se identiteitsdokument
 - Oorspronklike bestuurderslisensie
 - Mediese sertifikaat (MC-vorm)
 - PrBP-aansoekvorm (PD1-vorm)
 - Klaringertifikaat wat deur die Suid-Afrikaanse Polisie diens uitgereik is
- 3.2 Die bogenoemde vorms is by enige bestuurslisensie-toetssentrum beskikbaar.
4. Die bepalings van die NRT Wet is bindend op alle burgers en dus op alle werknemers van die Wes-Kaap Onderwysdepartement en inrigtings onder sy beheer. Hoofstuk 4, Afdeling 32 is dus ook van toepassing op bestuurders van GG-voertuie in die bogenoemde kategorieë. Die hoofde van daardie inrigtings wat van sodanige vervoermiddels gebruik maak, moet toesien dat alle bestuurders in besit is van die nodige PrBP. Die koste daarvan is vir die inrigting se begroting.
5. Daar kan vir verdere inligting met enige van die volgende amptenare by Hoofkantoor in verbinding getree word:
 Me. F Abdou, tel. 021 467 2811
 Me. C Albertus, tel. 021 467 2794
 Me. V Ntshinga, tel. 021 467 2808
 Me. A Gana, tel. 021 467 2715
6. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle betrokkenes gebring word.

GETEKEN: BK SCHREUDER

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2020-12-21